

Saak nr 155/90

/MC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen

EDGAR MERVIN APRIL

Appellant

- en -

DIE STAAT

Respondent

CORAM: VIVIER, KUMLEBEN et EKSTEEN ARR.VERHOOR: 21 Februarie 1991.GELEWER: 8 Maart 1991.U I T S P R A A KVIVIER AR.

VIVIER AR:

Die appellant is in die Streekhof in Kaapstad op 36 aanklagte van bedrog skuldig bevind. Die aanklagte is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en die appellant is gevonniss tot vyf jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar gevangenisstraf vir vyf jaar op die gebruikelike voorwaardes opgeskort is. Sy appèl teen die vonnis na die Kaapse Provinsiale Afdeling het misluk en met die verlof van daardie Hof appelleer die appellant nou na hierdie Hof teen die vonnis alleen.

By die aanvang van sy verhoor het die appellant skuldig gepleit op al die aanklagte waaraan hy skuldig bevind is. Die tersaaklike feite en omstandighede waaronder die misdade gepleeg is, blyk uit die appellant se skriftelike verklaring wat ingevolge art 112(2) van Wet 51 van 1977 by die

Verhoorhof ingehandig is, asook uit die getuienis wat die appellant en ene Francisco Neethling ter versagting van vonnis by sy verhoor afgelê het. Die appellant het ten tyde van die pleging van die misdade as rekenmeester by 'n firma, Protea Industrial Chemicals (Edms) Bpk gewerk en was gemagtig om saam met 'n ander werknemer, ene Jonas, tjeks namens die firma te teken. Gedurende die tydperk vanaf 18 Junie 1987 tot 28 Februarie 1988 het hy op verskillende geleenthede blanko tjeks deur Jonas laat onderteken, dit daarna aan homself uitgemaak en mede-onderteken en in sy bankrekening inbetaal (aanklagte 2-7, 9, 10, 11 en 13). 'n Totale bedrag van R54,235-65 was by hierdie tien aanklagte betrokke. Gedurende dieselfde tydperk het die appellant deur 'n valse inskrywing in die boeke van die firma aangetoon dat 'n lening van R5,000-00 wat hy

van die firma ontvang het, reeds deur hom terugbetaal is, terwyl dit nie die geval was nie (aanklag 14). Verder was die appellant, as rekenmeester, geregtig om met twee kredietkaarte van die firma goedere en brandstof aan te koop en dienste te bekom vir sy eie motor tot 'n maksimum bedrag van R300 per maand. Gedurende die tydperk vanaf November 1985 tot en met Januarie 1988 het hy elke maand, met twee uitsonderings, die perk van R300 oorskry en aan Eerste Nasionale Bank voorgegee dat hy wel geregtig was op die oorskryding. Sodoende het hy goedere, brandstof en dienste vir homself ter waarde van altesaam R21,593-63, waarop hy nie geregtig was nie, verkry (aanklagte 15-39). 'n Totale bedrag van meer as R80,000-00 was dus betrokke by die oortredings wat oor 'n tydperk van meer as twee jaar gestrek het.

Die appellant was ten tyde van sy verhoor

27 jaar oud, getroud en was h eerste oortreder. Hy het sy studies gestaak nadat hy die tweede jaar van die B.Com-kursus suksesvol voltooi het, maar het h diploma in rekenaarswetenskap behaal. Nadat hy sy werk by die firma weens die saak verloor het, het hy werk gekry as gewone klerk by h prokureursfirma waar hy h netto salaris van R850-00 per maand verdien het. Daarna het hy daarin geslaag om weer h betrekking as rekenmeester by h ander firma te kry waar hy ten tyde van die verhoor van die appèl voor hierdie Hof h netto salaris van R2,500-00 per maand ontvang het. Ten tyde van die pleging van die misdade het die appellant h netto salaris van R2,200-00 per maand ontvang.

Hoewel die getuienis van die appellant hieromtrent nie heeltemal duidelik is nie, was mej Immelman, wat namens die Staat voor hierdie Hof verskyn het, bereid om te aanvaar dat die appellant uit eie

beweging sy misdade aan die firma openbaar het. Dit kan dus aanvaar word dat die appellant vroeë berou oor sy dade gehad het. Hy het verder sy volle samewerking aan die polisie gegee. Mej Immelman was ook bereid om te aanvaar dat die appellant teen hierdie tyd, met die hulp van sy kerk wat R30,000-00 bygedra het, die firma sy totale verlies vergoed het.

Mnr Cloete, namens die appellant, het betoog dat die appellant die misdade gepleeg het ten einde sy moeder, wat by hom inwoon in n huis wat aan hom behoort, te bevoordeel. Ek is egter nie daarvan oortuig dat die appellant met n altruïstiese motief gehandel het nie. Sy optrede dui, na my mening, eerder op gierigheid en eie finansiële gewin. In hierdie verband is die getuienis van Francisco Neethling, die moderator van die kerk wat die appellant gehelp het met die terugbetaling van die firma se geld,

insiggewend. Hy het getuig dat die appellant, wat voor hom grootgeword het, ambisieus is en baie duur smaak het sodat hy "alles van die beste, die mooiste in die huis gesit het".

Mnr Cloete het betoog dat die Verhoorlanddros enersyds die erns van die misdade oorbeklemtoon en andersyds die strafversagtende omstandighede onderbeklemtoon het. Wat die erns van die misdaad betref, verwys die Verhoorlanddros in sy uitspraak oor vonnis na die feit dat die appellant in 'n vertrouensposisie verkeer het en na die appellant se eie getuienis dat hy een of ander swak plek in die firma se boekhoustelsel ontdek en dit uitgebuit het om homself te verryk. Dit is duidelik, meen ek, dat die appellant nie in 'n skielike versoeking gekom of in 'n oomblik van swakheid gehandel het nie. Dit is ook duidelik dat hy nie in geldnood gehandel het nie.

Die misdade dui op berekende optrede oor 'n lang tydperk vir 'n geldelike gewin. Die Landdros meld verder dat 'n aansienlike bedrag by die saak betrokke is. Hy was klaarblyklik geregtig om al hierdie aspekte in ag te neem en daar is niks in sy uitspraak wat daarop dui dat hy die erns van die misdaad oorbeklemtoon het nie. Dit is verder duidelik uit die Landdros se uitspraak oor vonnis dat hy wel deeglik gewig gegee het aan die appellant se betoning van berou en dat hy besig was om die geld terug te betaal. Die Landdros verwys egter nie in sy uitspraak na die feit dat die appellant uit 'n beweging die misdade openbaar het nie en dit wil voorkom asof hy nie hierdie aspek in ag geneem het nie - moontlik omdat die getuienis daaromtrent nie heeltemal duidelik was nie. In die lig van die toegewing deur mej Immelman moet hierdie faktor egter wel in die guns van die appellant in ag geneem word.

Dat daar in die huidige saak sterk versagtende omstandighede aanwesig is wat dit onderskei van ander sake van hierdie aard, is duidelik. In die lig daarvan kom die opgelegde vonnis my buitensporig swaar voor. Nogtans meen ek nie dat daar aan mnr Cloete se betoog gehoor gegee kan word dat 'n totale opgeskorte vonnis, gekoppel aan 'n aansienlike boete, opgelê word nie, veral indien die bedrag betrokke by die misdade, die tydperk waaroor dit gepleeg is en die reëlmatigheid waarmee dit gedoen is, in ag geneem word.

Na my mening sal reg geskied indien 'n vonnis van vier jaar gevangenisstraf, waarvan twee jaar opgeskort word, opgelê word.

Die appèl slaag gevolglik. Die vonnis deur die Landdros opgelê, word vervang met die volgende vonnis: vier jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar gevangenisstraf opgeskort word vir vyf jaar op

voorwaarde dat die appellant nie skuldig bevind word aan 'n gemeenregtelike misdaad waarvan oneerlikheid 'n element is en wat gepleeg word gedurende die tydperk van opskorting nie.

W. VIVIER AR.

KUMLEBEN AR)

EKSTEEN AR)

Stem saam.